

Tuli



Newsletter

Nuusbrief

FEBRUARIE 2010

I do apologise for the usual sorry story about things not done and News letters not sent. There is, as usual, a whole page full of excuses that can be offered but let us not go there!
Groot verskoning oor die feit dat daar so lanklaas 'n nuusbrief was.

COUNCIL / RAAD

Die Raad wat op die AJV in Maart 2009 verkies is se tyd is haas uitgeloop en daar sal miskien veranderings plaasvind by die AJV. Die huidige Raadslede is

Russel Clark President
Stephan Welz Vice/Vice President

Raadslede/Councillors

Alwyn Marx
Dave Mullins
Cornelis Rautenbach
Rikus van der Merwe
Johan van Risjwijk.

Rain Gerhard (LNR verteenwoordiger)

Proxy forms for voting in absentia if you are not able to attend the AGM accompanies this communication.

Volmagvorme om mee te kan stem indien u nie die AJV kan bywoon nie word hierby aangeheg.

New Breeders / Nuwe Lede

*We are happy to welcome the following new Members:
Baie welkom aan die volgende nuwe lede:*

*Mev ACJ Botes
Mr D De Waal from Vryheid
Mrs Edith Galpin from Kenton on Sea
Mnr Werner Gouws van Bronkhorstspuit
Mrs R Janse van Rensburg from Blouwaterbaai
Mev H Makkink
Mnr P W Michau
Mr Richard Rix from Lonehill
Mr BJM Rossouw from Bethlehem
Mev H E M Schoeman
Dr CF Slabber from Pretoria*

I have to repeat myself often because the same situations arise every year. Here is part of my 2008 news letter again:

Om die geheue te verfris haal ek net weer aan uit my Nuusbrief van end 2008:

Vir hierdie nuwe lede sowel as al ons ou lede wil ons net weer sê dat die Genootskap net soos alles in die lewe is - hoe meer jy insit hoe meer kry jy daaruit. Woon die Jaarvergaderings by, kom kuier saam as daar opleidingsdae en lesings aangebied word, bel u medelede vir 'n geselsie of raad as u probleme

het. Dit skep 'n samehorigheidsgevoel, skakel misverstande uit en gee u 'n kans om insette te lewer en te verstaan waarom besluite geneem word en hoe dit u sal affekteer. Alle Raadslede is sover as die naaste foon van u af en sal graag help as daar probleme is of dinge wat u nie verstaan nie.

We want to encourage all members, old and new to become active in the Society – attend Annual General Meetings, lectures and courses. Like everything else in life you will get out of it what you put in. We need to have input from our members to make meaningful decisions, we need to know what problems you have encountered, how your animals are doing, etc, etc. Council members are there to help you and are all only as far as the nearest phone from you.

Op hierdie noot wil ek net nou sê dat 'n baie leersame Inspeksiekursus onlangs op William Biggs se plaas te Murraysburg gehou is. Dit was 'n groot sukses en veral verblydend dat heelwat nuwe telers die kursus bygewoon het ten spyte van die lang afstande wat hulle moes aflê om daar te kom. Na aanleiding van hierdie kursus is daar besluit dat 'n nuwe gestandaardiseerde handleiding saamgestel moet word en dat daar in die toekoms 'n Tuli Bekendstellingskursus spesifiek met die oog op nuwe telers aangebied sal word. Hopelik sal ou telers ook daarby baat vind. Daar is gevoel dat dit meer nuttig sal wees vir telers wie begerig is om meer te leer maar nie noodwendig keurders wil word nie.

It was most heartening that so many breeders - and specifically new breeders - made the huge effort to get to the Tuli Inspection course which was held on William Biggs' farm in Murraysburg. From the feedback we received it was decided that a new standardised Tuli Manual will be compiled and that in future an Introductory course for new breeders will be offered from which many old hands will hopefully also benefit. In light of the fact that many breeders do not necessarily want to become inspectors but need the information it is thought that this will be more helpful.

We call on all breeders, new and old, to let us know in what way you feel the Society could assist you more than what it is doing at present. All suggestions will be considered.

Die Genootskap doen 'n beroep op alle telers, nuut sowel as die ou hande, om met voorstelle te kom oor hoe die Genootskap u van groter hulp kan wees en wat u tans as tekortkominge beleef.

GEREGISTREERDE TULI'S / REGISTERED TULIS

Op die oomblik is daar 'n raps meer as 5400 geregistreeerde Tuli's maar ons voel seker dat die getal sal opskuif na almal hulle somer kallers geregistreeer het.

Kry dit tog maar so gou moontlik gedoen want boetes sal gehef word vir geboortekennis wat later as 90dae na geboorte ontvang word. Eintlik moet die kallers se geboorte binne 60 opgegegee word en die 90 dae is net 'n grasie periode. LW ALLE geboortes moet opgegegee word – of die kalf doodgebore, lelik, gebrelik of wat ookal is! Dit is uiters belangrik vir die koei se kalwingsrekord.

At the moment there are just over 5400 Registered Tuli's. When all outstanding Summer calves have been registered we feel confident that the figure will look even more healthy. Please try to get your calves registered within the prescribed 60 days. ALL calves, whether blind, dead, or ugly as sin HAVE to be registered in order to keep the dam's records in good standing. After 90 days fines are levied.

Lief en Leed

Gelukkig nie te veel wat mens tot ongelukkigheid stem om te rapporteer nie en as ek iets vergeet het vra ek om verskoning.

Ons is bly om te kan rapporteer dat Albie en Anel Rautenbach terug is uit Australië en voortaan weer op Avoca gaan woeker. Dinge het bietjie anders uitgewerk vir hulle as wat hulle beplan het maar die goeie nuus is dat hulle intussen 'n bielie van 'n Australiaanse seun ryker geword het. Sy Oupa Abel sou sò trots op hom gewees het. Ouma Annelise het intussen besluit om Bethlehem toe te trek maar ons voel seker dat sy ook verheug is om haar kroos almal weer naby te hê.

PRESTASIES/ ACHIEVEMENTS

Russell Clark, ons President, het weer met sy Herefords geskitter as LNR/Absa kudde van die Jaar in die Oos Kaap maar sy Tuli's was net 'n kortkop agter as finaliste. In Mpumalanga was Stephan Welz se Blomvlei kudde vir die 7de maal 'n LNR/Absa Prestasiegetoetste kudde van die Jaar finalis. Stamboek het ook vir Stephan en Carmen erkenning gegee vir "Voortreflikheid binne die Stoetbedryf" deur hulle as 2009 finaliste aan te wys in die katagorie Vleisbeeste. Cornelis Rautenbach se koei CR960020 was een van die 15 Farmer's Weekly-ARC Elite Koei wenners van 2009 en dit is ook nie die eerste keer dat hy so presteer nie. Baie geluk aan al hierdie voorbeeld stellers, ons is trots op julle en natuurlik julle Tuli's.

VEILINGS/ AUCTIONS

There has been a lot of discussions around production auctions, herd dispersal sales, national auctions, etc. and it has been decided to bring the Tuli Society in line with many other Breed societies who have fairly strict rules about how these sales should be organised. At present a set of rules is being compiled and these will be discussed at the AGM. Among the most salient points are:

- 1. that it is strongly recommended that all sales take place under the auspices of the Society*
- 2. that animals sold on sales must be screened for sale worthiness the day before an auction and this has to be done by different inspectors than the ones who did the inspections for registration.*
- 3. that if the sale does not take place under the auspices of the Society no advertisement for the sale will be published in the Journal, on the Web or anything else that can be associated with the Society.*
- 4. The Tuli office in Bloemfontein must be advised of the intention to hold an auction well before the AGM in order that sale dates can be coordinated so that there will be no clashing of dates.*
- 5. A STANDING RULE WHICH HAS BEEN IN PLACE FOR MANY YEARS IS THAT, WHETHER UNDER THE AUSPICES OF THE SOCIETY OR NOT, ALL SALE CATALOGUES WILL BE PRODUCED BY SA STUDBOOK IN ONE OF THEIR FORMATS AND WILL CONTAIN ALL INFORMATION PERTAINING TO EVERY REGISTERED ANIMAL BEING OFFERED FOR SALE. No registered animal can be transferred to a new owner unless this rule is adhered to.*

MORE AUCTION STORIES

All efforts to get a National Sale off the ground have proved fruitless. It has been decided to rather concentrate on getting two regional auctions organised. It is felt that this will give smaller breeders an opportunity to sell their animals in a more organised way while sharing the costs and holding a bigger draw-card because of the larger number of animals being offered. Practical considerations will be discussed at the AGM.

Dan is daar nog die kat wat maar altyd weer terugkom – voorstelle oor "veldbul toetse" en "veldbul veilings." Dit is al soveel maal bespreek en daar word elke keer 'n dooie punt bereik. Daar is gevoel dat die LNR se Fase D wat elkeen op sy plaas onder "veldbul" omstandighede kan organiseer voldoende is. Lede wie hulle diere by een van vele streeks "veldbul veilings" wil inskryf moet onthou dat Genootskap Inspekteurs ook hier betrek moet word om te verseker dat die bulle op veiling standaard is.

Inspeksies

Dit bly maar 'n tamaletjie. Om almal tevrede te stel blyk 'n onbegonne taak te wees.

Daar is Rasinspekteurs wie onder Dave Mullins se leiding poog om elke jaar 'n skedule op te stel van wanneer keurings in verskillende areas gaan plaasvind. Dit kan slegs gebeur as alle lede vroegetydig vra vir inspeksie! Daar word 'n beroep op almal gedoen om ASSEMBLIE te reageer as u gevra word, per brief, foon, sms of hoe ookal, of u 'n inspeksie verlang. 'n Inspeksie aansoek vorm vergesel hierdie kommunikasie en moet asb teruggestuur word aan die Kantoor. Ook as u nie 'n inspeksie verlang nie sal terugvoer waardeur word anders weet niemand vir seker wat aangaan nie.

Hier moet net weereens melding gemaak word dat Mnr Stefan van Wyk 'n goedgekeurde MAAR VRYSKUT inspekteur is. As u wil

hê dat hy u kudde inspeksies doen moet u ook die kantoor laat weet en daarna self met hom onderhandel tov koste, datum, ens. LW – DIT IS VERPLIGTEND DAT GENOOTSKAP INSPEKTEURS U KUDDE TEN MINSTE ELKE DERDE JAAR BESOEK.

CARCASS COMPETITIONS

Within ten years of initiating his selection program to improve the indigenous Tswana type cattle in the area around Gwanda, where he was working as an agricultural extension officer, Len Harvey entered the first Tulis in block competitions and they immediately fired the imagination of respected cattle men of the time. Harvey had selected, above all, for type and beef quality and this became clear to all when his Tulis started winning block competitions locally and then went on to win the 'three steer block test' at the Bulawayo Show nine years in a row. In 1976 he went to the Salisbury Show and triumphed again.

The excellence of Tuli meat and the quality of a Tuli carcass has been borne out by extensive research done in Australia as well in the USA. The Council feels so strongly about encouraging members to continue in Len Harvey's fine tradition of participating in Block tests that it has been decided to contribute R5000 to the costs of any member who enters four or more Tuli steers in any one of the many block tests held at agricultural shows around the country, annually. There will be, as with everything else in life, some terms and conditions attached. If you are interested please contact the office for more details. We are also working on the idea of rewarding commercial breeder, who use Tuli bulls and are successful in block tests, but the details still need to be worked out.

Die Raad het besluit om lede aan te moedig om deel te neem aan enige een van die vele blokkompetisies wat jaarliks landswyd gehou word by Landbou skoue. 'n Bydrae van R5000 sal gemaak word om die kostes te help dek van enige lid wat vier of meer diere skougereed kry en inskryf vir so 'n kompetisie. Daar sal wel voorwaarde by betrokke wees en as u belang stel moet u asb die Kantoor kontak vir meer inligting. Ons sou ook graag kommersiële telers wat Tuli bulle gebruik en sukses behaal in bokkompetisies wou beloon maar reëls en voorwaardes moet nog deurdink word.

DIE WEBBLADSY/TULIS ON THE WEB

There is nothing more boring and frustrating than a Webpage which never changes! ALL MEMBERS are encouraged to send bits of interesting information about their herds and above all, photos of their animals to the Secretariat to be put on the Web.

ALLE LEDE word aangemoedig om mooi fotos van hulle diere, hulself, hulle plase of wat ookal relevant is, na die Sekretariaat te stuur in 'n poging om die webbladsy lewendig en interessant te hou.

Talking about photos – Alwyn Marx is again organizing a JOURNAL which is to be published and ready before Nampo. Please remember that the absolute last day for submission of articles, advertisements and photos is the day of the AGM, 30 March 2010

Alwyn Marx is weer besig met die reuse taak om 'n nuwe JOERNAAL betyds gereed te kry vir Nampo. Onthou asseblief dat die absoluut laaste dag vir indiening van artikels, advertensies en fotos die dag van die AJV, 30 Maart 2010, is.

NAMPO

Een van die belangrikste geleenthede van die jaar waar die Tuli aan 'n baie breër publiek bekendgestel word is Nampo te Bothaville. Ons teenwoordigheid daar is van kritieke belang. Die organisasie, die koste en tyd wat dit in beslag neem plaas 'n buitengewone swaar las op die lede wat jaar na jaar die diere voorberei, die uitstal ruimte moet mooi maak, alles betyds by Nampo kry en dan nog vir 'n week daar sit, weg van hulle plase en families. Ons doen 'n beroep op lede wat daaraan dink om vanjaar in Mei Nampo toe te gaan – of miskien oorreed kan word om te gaan – om GROOT ASSEMBLIEF DIE KANTOOR TE SKAKEL sodat 'n soort van rooster opgestel kan word in 'n poging om te verseker dat daar ten minste elke dag van die week 'n lid of lede sal wees om by die stalletjie te help, al is dit net vir 'n paar uur.

Volunteers to help at our Tuli stand at Nampo are sorely needed – even if only for a few hours on a particular day. COULD MEMBERS PLEASE PHONE THE OFFICE if they are thinking of going to Nampo in the course of that one week in May – or can perhaps be persuaded to go. It is an unfair burden on the few members who take up this huge challenge year after year to expect them alone to wave the Tuli flag. If a roster of potential helpers for every day can be drawn up it would make a huge difference.

BLUPS oftewel TEELWAARDES/ BREEDING VALUES

Daar is weer na die teelwaardes gekyk en in samewerking met die LNR besluit dat aanpassings gemaak behoort te word, onder andere deur die basis jaar waarop die rasgemiddeldes bereken was aan te skuif na 2001, toe tendense in ons statistieke meer stabiel geraak het. Ook het Mev Welz onderneem om weer aan die Stambome aandag te gee en honderde ekstra stambome wat betrekking het op ons beste se voorsate in Zimbabwe by te werk. Hopelik sal dit tot gevolg hê dat die Teelwaardes meer stabiel en betroubaar sal wees in die toekoms. Individuele beste se Blups kan waarskynlik dramaties verander maar hulle pro rata posisie in die kudde en die ras behoort nie veel te verander nie tensy 'n hele nuwe stel voorsate met teelwaardes miskien opgediep word.

The Council has looked at the Breeding values again and decided, in consultation with the ARC, to bring the BaseYear on which our breed averages were originally calculated forward to 2001 when the Tuli statistical trends became more stable. This will result in fairly big changes in the Blup values for animals, across the board, but should not change any individual animal's pro rata status in the Herd or the Breed too much. Mrs Welz has undertaken to re-look at the Pedigrees and try to fill in missing gaps by adding information about the ancestors of our Tulis which she has obtained from Zimbabwe.

TULIDAG - BLOMVLEI - TULI DAY

Publieke vakansiedag Maandag - 22 /3/ 2010 - Monday Public Holiday

Stephan and Carmen Welz have invited two Tuli Pioneers from Zimbabwe to be guest speakers at a Tuli get together on their farm near Dullstroom on Monday 22 March 2010 . They were both highly respected and often awarded Tuli breeders before they both lost their farms to Mugabe's landgrabs. Paul Goodwin's Boomerang Stud animals and the Koce/Heany Junction animals of Phil Rogers have made a big impact on our South African Tuli Herds ever since the very first Tulis were imported from Zimbabwe in 1978. These two highly likeable experts will lead discussions about some selected animals in a friendly and informative way and we hope this will be especially valuable for the many new breeders in the north. They are both very eager to share their valuable knowledge with us.

This is an opportunity for everyone to meet or get to know their fellow breeders better and the possibility of forming a Northern Regions Club will be discussed – especially with the view of organising regional sales to give smaller breeders a chance to work together to sell their animals in a more organised fashion.

We will be sending out invitations with more information about the day as well as phoning our Members soon. PLEASE KEEP THE DATE OPEN. Mpumalanga and especially the Dullstroom area have been blessed with wonderful rains and Blomvlei is looking stunning!. If you have always wondered what the fuss about Dullstroom is all about then this is your chance to plan a long weekend around this Tuli day!

Another most exciting prospect for the day will be the presence of a young Argentinian vet and farmer, Dr Ricardo Martinez, who is being sponsored by the Argentinian Tuli

Society to spend some time in South Africa, looking at our Tulis and hopefully working and gaining valuable experience on Tuli farms as well as about farming in general all over South Africa. We expect that he will have interesting information about the Tulis in his country. This young man will be in South Africa from 18 March to 9 June and we hope to give him a taste of Tuli hospitality. We are trying to organise visits ranging anywhere between a couple of days and two week to farms of our Breeders and he is keen to do some hands-on work. Feedlots, Onderstepoort and other breeds of cattle as well as other animals such as sheep, also interest him. Anyone who has any suggestions about how he can be gainfully occupied to the advantage of himself as well as the Tuli Breed in South Africa or who would be willing to host him for a period should please contact Stephan Welz at 082 330 0798.

Alle lede en geïnteresseerde persone word hiermee uitgenooi na 'n Tulidag op 22 Maart 2010 op Blomvlei , die plaas van Carmen en Stephan Welz, naby Dullstroom in Mpumalanga. Die teenwoordigheid van twee van die bekendste pionier Tuli boere van Zimbabwe nl **Paul Goodwin en Phil Rogers sowel as 'n Argentynse veearts en boer, Dr Ricardo Martinez**, wie se besoek deur die Tuli Genootskap van Argentinië geborg word, beloop om die dag iets spesiaal te maak. Ons is seker dat die besprekings leersaam en interessant sal wees. Om mede Tuli entoesiaste te ontmoet, veral ons nuwe lede, kan net lekker wees. Ons voorsien ook dat aanvoorwerk gedoen sal kan word tov die organisering van 'n streeksveiling om veral telers met minder diere te help om die diere wat hulle wil verkoop meer georganiseerd te kan bemark. Uitnodigings en meer inligting sal eersdaags aan u deurgegee word maar skakel gerus vir Carmen of Stephan op 083 266 6829 of 082 330 0798 as u nie kan wag om meer te wete te kom nie.

